

Skriflesing: Esegïel 20:45 – 21:27

Teks: **Esegïel 21:9,19, 21-22**

Sing- Ps. 46:1,5; Ps. 37:1,8,9; Ps. 33:8,11; Ps. 73:7

Oorlog is iets wat mens nie maklik oor praat nie, veral mense wat weet wat oorlog werklik alles inhou. Broeder en suster, dit waar ons nie maklik oor praat nie, daarvoor praat die Here vandag met ons. In Esegïel 20 het God sy daade in die geskiedenis van Israel geopenbaar. In Egipte en in die woestyn, twee geslagte lank het daar elke keer die refrein na ons bly terugkom dat God ter wille van sy Naam handel. Ons was daarop gewys dat God elke keer ter wille van sy eie Naam sal sorg dat daar nie totale uitdelging en vernietiging van sy kerk sal plaasvind nie. God bring nog weer die herderstaf waaronder ons kan deurgaen en die herderstaf bring ons in die band van die verbond (Eseg.20:37).

Die herderstaf staan in Eseg. 20:37 maar in Eseg. 21 is dieselfde God aan die woord. En God wys hoe die herderstaf nie maar net aansluit by die sagte geluid van musiek en 'n liedjie wat mense kan sing, van hoe sag gly ons bootjie na kammalands nie. Die Here se werk in sy koninkryk is geen kammalands waarna ons op pad is nie, maar onder die herderstaf van God klink baie keer die gefluit van koeëls en die gebulder van kanonne en watter verskriklike wapentuig daar ook mag wees, die bedreig met kernwapens en atoom-arsenale is nie los te maak van Eseg. 21 nie. Soos God die God is wat Hom in die geskiedenis openbaar (Eseg. 20), nadat daar in Eseg. 19 'n ma was wat in die bitterste hartseer die daade van haar koning-kind beweën, so is die sagte geween van 'n ma en die geskiedenis van 'n volk en die uitbreek van 'n oorlog duidelik opeenvolgende gebeure vanaf Eseg. 19-21.

Eseg. 21 is 'n oorlog hoofstuk en Esegïel word direk hierby betrek. Trouens soos dit al vroeër met Esegïel die geval was, moet hy weer op die mees dramatiese wyse homself in hierdie profesie oorgee, dat hy nie maar net kan praat nie, maar hy moet met sy hele lyf, elke spiertjie en haartjie van hom word opgeëis om te demonstreer wat hier aan die gang is. Hy moet sug (v.6) so hard soos net 'n Oosterling dit kan doen, dat in die geluid van hierdie harde sugting dit 'n hele volk sal wees wat vra- *waarom sug jy...*(v.7).

Hierdie sug is dan nie maar uitdrukking van sy eie gemoedstemming nie, maar dit is tekenend van die swaard wat daar oor Jerusalem gaan kom. Die volk wou maak asof Esegïel maar net nog weer in sy eie ou wêreldjie vasgevang sit. Esegïel sê aan die einde van hfst.20 hoe die volk hom nou begin spot het. Ag, hy spreek maar net heeldyd in gelykenisse. Die volk spoor

mekaar aan dat hulle hul nie meer aan Esegïël moet steur nie. Hulle maak asof hy ook maar net met 'n raai-raai wat gaan gebeur boodskap besig is.

Terwyl in dit wat die Here gaan doen, dit nie maar gaan om raai-raai wat gaan gebeur nie. Die volk sal die val van die stad en die tempel en hoe Israel verpletter sal word met hulle eie oë sien, soos wat hulle kan sien en hoor die oomblik toe Esegïël die swaardlied begin sing. Die oomblik na Esegïël se sug dan hef Esegïël 'n swaardlied namens Die lied het vier strofes- vv.9-11 staan saam, dan die volgende strofe 12-13, dan kom die derde strofe 14-15a en die laaste strofe vv.15b-17. Elke strofe is kort en vlymend skerp. In wat gesing word, is dit kompleet soos 'n soldaat wat sy swaard uit sy skede ruk en met vinnige bewegings word die swaard dan diékant dan daardie kant toe geswaai. Soos die strale van die son op die blinkende metaal van die swaard flikker gaan daar flitse van die swaard uit soos wat dit hier geswaai word.

Vv.9-11 wys die swaard is reg en lus vir die oorlog....'n swaard, 'n swaard is skerpmaak en ook geskuur...In die tweede in strofe word die drama groter. Nou moet Esegïël soos iemand wees wat skreeu en huil. Hierdie verskriklike gehuil in die tweede strofe gaan gepaard met die simboliek dat Esegïël homself baie hard op sy heup moet slaan. Die oosterling sien die hou op die heup as wanneer alles gaan ingee, dit is dan ook 'n teken van rou. Wanneer Esegïël die derde strofe begin dan moet hy *hand teen hand slaan*... Hierdie vinnige oorhand bewegings dui die maatslag en die spoed van die swaard aan. Dinge wat vinnig gaan gebeur. Dit word soos 'n slagbank, iets van die toneel soos daar by 'n abattoir die karkasse ry aan ry hang en dit word net meer. Niemand kry uit die pad van die swaard gespring nie. In vers 3 het die Here al gewys hoe dit die regverdigte en die goddelose sal tref...!

En die laaste strofe van die swaardlied- 15b-17 is die hoogtepunt. Hierdie swaard is flitsend en gevaarlik soos 'n weerlig. Hier staan dit is *glad gemaak om te slag*... Na regs en na links is die snykante ewe skerp. Maak nie saak watter kant jy staan nie, dit kom na ons toe aan. En as die lied dan in v.17 in sy laaste tone versink dan word dit net bevestig dit is God wat hier aan die werk is. So kom die grimmigheid van God tot rus.

Alles en alles, broeder en suster, Esegïël het gewys wat in 590vC sou gebeur. Die swaard wat God in sy hand geneem het, was 'n mens, 'n heidense koning. Nebukadnesar, wat strafekspedisies teen opstandige stede in sy ryk uitgestuur het, omdat daar polities vir hom

die gevaar bestaan het van Israel wat nou met ander volke ooreenkomste wil sluit, om vanuit daardie koalisie met ander heidense lande uit die mag van Nebukadnesar uit te kom.

Mense is maar solank die wêreld in sy sonde hang heeltyd nog met 'n magspel besig. 'n Fyn strategie waarmee volke en nasies aanmekaar daarop uit is om mekaar te wil uitoorlê. Die berekening raak skerper en al fyner, soos onlangs het ons ook maar weer gesien dat die hele Wikileaks-debakel toon baie duidelik aan, ons moet nie dink die wêreld het in sy totale politiek enigins kon verbeter as toe dit nog die tyd van die Ou Testament was nie. Die diplomatie het miskien verfyn maar die spel van geheime wat agter die politiek verskuil lê om mekaar te wil vernietig het eintlik maar niks verander nie. Ons is in onself niks beter as die tyd toe Israel gedink het 'n totale beleidsverandering van reorganisering deur Sedekia sal vir ons die knoop deurbak. Ons moet dit net vir Nebukadnesar kan wegsteek dat ons die Babelse ryk kan uitoorlê. Dit is wat die Wikileaks van daardie tyd uit menseoë dink om bekend te maak.

Maar vanuit die Woord van die Here besef ons die God van die geskiedenis (Eseg. 20) is dieselfde God van oorlog. Nebukadnesar sou nie met Juda kon oorlog voer as dit nie eintlik die Here Self is wat in hierdie oorlog teen Juda is nie. So is God en so bly God ook dieselfde God ook oor elke oorlog. Daar sal nie oorlog wees buite die wil van die Here om nie. Soos die geskiedenis in sy volheid gesien moet word in hoe God met Israel handel, so is die oorlog net soveel in God se hande as wat die geskiedenis in die Here se hande is.

Die swaard van die Here wat in die gestalte van Babel se koning kom, want hy word die swaard waarmee die volk getugtig gaan word. En dan na hierdie swaardlied waar Esegïël die lied in al sy strofes moes bring, dan doen Esegïël weer wat ons hom in hfst. 4 sien doen het. Daar word met 'n stokkie in die sand 'n noukeurige tekening gemaak. Hierdie tekening soos vers 19 dit beskryf is twee paaie wat geteken moet word, maar albei die paaie gaan van Babel af uit. Twee paaie waarlangs die swaard van die koning van Babel kan kom. Dit is soos 'n vurk in die pad en juis daar waar die pad vurk, daar kom dit op aan. As die koning van Babel op sy tog die een vurk sou neem dan loop dit oor Jerusalem. Dan kom Jerusalem in die oorlogspad, terwyl soos Esegïël se skets dit aandui, as die koning die ander vurk sou dan kom Jerusalem nie in die pad nie, maar dan word Rabba getref.

Die koning van Babel staan eintlik op 'n tweesprong, gaan hy kies om Israel se hoofstad te tref, of anders die stad van die Ammoniete. Vir Israel is dit so belangrik om te hoor wat Esegïël nou gaan sê, want hulle lewe hang daarvan af watter pad daardie heidense koning Nebukadnesar gaan kies. Vir Nebukadnesar sou dit self nie 'n maklike keuse wees nie en al is hy as heiden nie in staat om die mond van die Here te vra nie, word hy vir die verbondskinders in Jerusalem 'n beskamende voorbeeld.

Hulle wat die ware God moet raadpleeg, hulle gaan ons God verby, hulle volg hulle eie pad, maar die man wat 'n heidense koning is, hy wat so 'n groot besluit in sy lewe moet neem, hy as heiden sien nie kans om maar op sy eie te besluit nie. Die heiden raadpleeg die gode, sy afgode, terwyl die kinders van God die ware God nie wil ken en raadpleeg in al hulle handeling en besluite nie! Watter beskamende voorbeeld moet Esegïël vir hulle op sy skets van die twee paaie uitspel. Dit kan eintlik nie geteken word nie, dit kan net uitgespel word...

Die feit is Nebukadnesar sal sy gode wil vra met die heidense middele wat daar vir hom staan oor wat moet hy maak. Moet hy eerste Rabba platvee of sal dit Jerusalem wees. Deur waarsêery en fortuin vertellery gebruik hy eintlik drie maniere wat hy glo van die gode afkom. Daar word gepraat van die skud van pyle, hy raadpleeg die huisgode en hy bekyk 'n geslagte dier se lewer. Die pyl sou amper werk soos om lootjies te trek. Op die een pyl wat agter die koker in sy rug hang staan geskryf Jerusalem en die ander pyl dra die Rabba-naam. Dan word die pyl geskud en dan sonder om te kyk neem hy die een pyl in sy linkerhand en die ander een wat dan in sy regterhand is, dit is die stad wat eerste in die oorlog na opgetrek sal word.

Die huisgode wat hy raadpleeg word ook genoem dat hy die terafim ondervra. Die terafim is eintlik 'n masker wat die priester moet opsit wat die masker hom na die gode toe sal lei. Die masker is dan eintlik 'n voorstelling van hul god. Daar is geglo dat as die priester so die masker kan opsit, dan dui daardie noue kontak tussen die gesig van die priester en dan nou die gesig van die god wat hy op sy gesig plaas as soort van dubbelmedium dat die god kan kennis gee watter pad geneem moet word.

En laastens dan die lewer van 'n pas geslagte skaap word ook aan 'n noukeurige ondersoek onderwerp. Die lewer het hulle as die setel van die gevoelslewe wou beskou en het die

heidene uit hoe die lewer se bou daar uitsien allerhande afleidinge in hulle besluitneming wou maak.

Dit alles doen die heidense Nebukadnesar om in sy aanval sy planne reg te kry, maar hoe ironies broeder en suster, Nebukadnesar weet dit nie, hy sou dit ook nie erken nie. Nog voor daar enige pyl of masker of lewer enige sprake van was, kan maar net na die Here, die ware God geluister word. Hy die Here wat regeer, Hy staan bo al die heidense gebruike uit, want Esegïel het kon profeteer dat die aanval eerste op Jerusalem sal wees, baie lank voor die heiden enige pyl of masker of lewer kon raadpleeg.

Die gelowige wat maar net na die profete van die Here moes luister, daar hoef vir die gelowige nie voorspellings gemaak word nie. Ons leef in alle geval aan die Here se hand, nie aan die hand van allerhande voorspellings en lotery wiggelary nie. Israel se sonde was juis hulle verwerping van die wet en die profete. Dit is 'n oorlog wat die mens teen God voer om sy wet en sy profete te verwerp. Die mens wat eintlik die oorlog begin, Israel hoe kan julle dan so verontwaardig wees as God julle met oorlog antwoord.

Ons wat vandag hier is, ons het die wet en die profete, ja ons het meer as dit, ons het die hoogste Profeet wat daar nog ooit was nl. die Here Jesus Christus. Hierdie Profeet van God, teen Wie God alles soos in 'n oorlog, nee, eintlik baie erger as 'n oorlog, woorde kan dit eintlik nie beskryf nie, dit alles het teen Jesus te staan gekom. Mense teen Hom, op die einde God die Vader teen Hom, dat daar nie langer oorlog tussen God en ons, die ware kerk, moet wees nie.

In Israel het die oorlog gekom, ja in die volgorde wat God dit gelei het. Eers is Jerusalem getref, daarna soos die pad die ander padwyser gehad het, daarna is Rabba getref. Ons kan dit nie maar ignoreer nie soos Israel dit ook nie langer kon ignoreer nie. Jerusalem wat die kerk van daardie tyd verteenwoordig en die ander pad en die ander stad Rabba verteenwoordig die wêreld. Nou is die vraag- wie en wat word eerste deur God se oordele getref, die kerk of die wêreld. Die kerk kom eerste in die gerig, daarna die wêreld. Die Here se oordele oor sy kerk is strenger en strawwer as wat dit oor die wêreld was. Dink ons nog ooit so daaraan broeder en suster, watter ontsaglike gevaar daarin bestaan om nie meer 'n ware kerk van die Here te wees nie.

Wanneer is die ware kerk, die waarheid kwyt?! Ons moet dit altyd nog weer kan antwoord. En die eerste antwoord is dieselfde as vir Israel as jy die wet en die profete kwyt is, jy steur jou nie meer waarlik aan die Here se Woord nie, dan kan ons geen ware kerk meer wees nie. Die tweede wat ons in die belydenis, die NGB Art 29, oor die valse kerk bely is wanneer die kerk sy eie besluite en gebruike hoër ag as die Woord van God. Mense wat weier om hulle aan die juk van Christus te onderwerp, waar dit veral dan op uitkom is in die sakramente en in die liturgie. Sakramente word nie meer gebruik soos Christus dit vir ons gegee het nie en daar kom nie net sakramenteel groot afwykinge nie, maar liturgies is daar dieselfde tipe van ontsporings. Wanneer ons liturgies dinge begin wegneem en ons eie dinge begin toevoeg omdat daar meer op mense as op Christus vertrou word. Ons eie goeddenke raak ongemaklik met God se goeddenke, dan het so 'n kerk probleme, broeder en suster! Die valse kerk word ook geopenbaar as 'n wrede kerk. Dit sal 'n vervolger van die ware kerk word. Mense wat heilig volgens die Here se Woord lewe word bespot en beskimp en aanmekeer word belaglikhede oor die ware kerk kwytgeraak soos Esegïël ook deur baie belaglik gemaak is.

Wanneer dit hier op aankom dan sal ons deur dieselfde dinge getref word. Daarom stel die NGB dit ononderhandelbaar dat die ware kerk en die valse kerk nie maar een kerk kan wees nie. Die slotsin in ons belydenis lees- ons moet die twee kerke, die ware kerk en die valse kerk duidelik van mekaar kan uitken en van mekaar onderskei. Die ware kerk wat dan moet weet die grootste vyande teen ons sal nie die Nebukadnesars van die wêreld wees nie, maar dit sal die lidmate van daardie ander kerk, die valse kerk wees.

Die troos wat ons dan mag vashou is wat Esegïël ons vandag nog wou openbaar, en dit staan aan die einde van v.24. As jy met die hand wat nie 'n menslike hand is nie, gegryp word. Dink daaraan, trouens dit is wat Esegïël ons hier sê- laat die herinneringe by ons volop wees- *Omdat julle jul ongeregtigheid in herinnering bring deurdad julle oortredinge openbaar word, sodat julle sondes in al jul handelinge gesien word – omdat julle in herinnering gebring is, sal julle met die hand gegryp word.* Daar gaan onderstebo tye kom, dinge wat dit vir die ware kerk nie maklik gaan maak nie, maar ná alles, soos wat ons vv 24-27 lees, is die groot saak die groot Een in vers 27. Die Een wat op die ware kerk die reg het, nl. ons Here Jesus Christus wat deur sy Woord en Gees regeer; laat ons Hom dien as die Een wat waarlik reg is en Hy het op ons die reg!

Hy wat sy reg so sal uitvoer, deur eerste die aardse Jerusalem die valse kerk te straf voor daar na Rabba gegaan word. Daar kom oorlog teen die kerk, moet nie dit anders wil sien nie!
Oorlog is dit teen die valse kerk.

Mense praat so maklik oor hoe die wêreld geoordeel gaan word, maar dink ons genoeg daaroor oor hoe die kerk eerste geoordeel sal word. Daar is soos Esegïël die prentjie teken waarlik twee paaie (v.19). Die kerklike en die wêreldse, maar in die prentjie is dit ongelukkig die vals kerklike en daar het die oorlog eerste gekom. Met die valse in die kerk is daar 'n onafwendbare oorlog. Dit is klaar en uit, veel kan mense nie daarvoor sê nie.

U moet uself op die pad stel, ja Nebukasnesar was by 'n kruispad, hy raadpleeg sy afgode wat niks beteken nie.... maar Esegïël se tydgenoot Jeremia, die profeet daar in Jerusalem dieselfde tyd as wat Esegïël in Babel was- toe Jeremia by so 'n kruispad gekom het, waarin die kruis van Jesus Christus alreeds ons kruising moet bevat, dan staan daar in Jeremia 6:16- *Staan op die weë en kyk en vra na die ou paaie*- in die Hebreeus staan hier vir ou paaie letterlik die woorde - *עוֹלָם לְנִתְבוֹת* - *olam nethibah*) - *olam* wat dui op 'n langdurigheid, op sukses, op die ewigheid. Dit is die pad waarop ons moet wees, want die pad is goed en reg. God het dit vir ons reg en goed gemaak, daarom al mag mense sê maar dit is dan 'n ou pad, moenie paaie op grond van hulle ouderdom wil afskrywe nie, dit is baie gevaarlik, ja lewensgevaarlik, om God se paaie op grond van hulle ouderdom te wil afskryf. Dit is 'n pad van rus wat Jeremia kon teken en kies, mag ons by Jeremia se bordjie staan en nie by Nebukadnesar toe hy by sy kruispad sy keuse moes maak nie. As daar eenmaal drie keer uitgeroep word – *puinhoop, puinhoop, puinhoop*- weet dit is wat met die kerk gemaak kan word. Dit kan 'n puinhoop word.

AMEN